higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T100**(A)**(A13)T

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BOUADMINISTRASIE N5

(4090045)

**13 April 2018 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar

---

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1**

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

| |
|---|
| water; faktuur; winkelier; pype; aankoopbestelvorm; verf; magasynmeester; beton; yster; wapeningstaal; drywer; hardepuinvulsel; rekwisisie; staalrame; struktuurhout; sement |

1.1 Die … behoort met ’n grondverflaag bedek te wees en vertikaal gestapel te word.

1.2 Die … moet nie knope bevat nie en elke lid moet ’n aangeenlopende lengte sonder oorslag hê.

1.3 Die … moet op ’n palet en in ’n bedekte gebied geberg word, omdat klammigheid dit kan beskadig.

1.4 Die werkbaarheid van … word met ’n saktoets getoets.

1.5 Indien dit nie dadelik gebruik word nie, moet … op ’n terrein oor pale met kleurkenstrokies uitgesprei word.

1.6 Die … teken die afleweringsnota wanneer materiale op die terrein aankom.

1.7 Indien goedere vanaf die terrein op die trok teruggestuur word, moet die … die korreksie op albei afskrifte van die afleweringsnota teken.

1.8 ’n …dokument word op die terrein gebruik om verskeie items van die sentrale of hoofkantoor te verkry.

1.9 Sodra die aflewering gedoen is, sal die verskaffer ’n … aan die hoofkantoor stuur vir betaling.

1.10 ’n … word amptelik vanaf die hoofkantoor aan die verskaffer gestuur word om die nodige materiale aan te vra.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die hoofkontrakteur stel die genomineerde subkontrakteur aan.

2.2 Die gekose subkontrakteur gaan 'n kontrak met die kliënt aan.

2.3 Die hoofkontrakteur is aanspreeklik vir die subkontrakteur se swak werksmanskap.

2.4 Die subkontrakteurs betaal 'n deel van die hoofkontrakteur se ooreenkomste en waarborg.

2.5 Die subkontrakteur moet deur die argitek goedgekeur word.

2.6 Die klerk van werke kan die subkontrakteur opdrag gee om op te hou werk.

2.7 Dit is die hoofkontrakteur se plig om gratis water aan die subkontrakteur te verskaf.

2.8 Die argitek kommunikeer direk met die subkontrakteur indien daar 'n probleem op die terrein is.

2.9 Kleinskaal-subkontrakteurs kan 'n gesamentlike bod indien.

2.10 Die betaling van kontrakteurs word deur interim sertifikate gedoen.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Noem VYF grondwerkkategorieë en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

3.2 Gee VIER voordele van meganisering in konstruksie. (4)

3.3 Gee VIER voordele van arbeidsintensiewe konstruksie. (4)

**[18]**

**VRAAG 4**

4.1 Berei 'n volledige agenda vir 'n argiteksterreinvergadering voor. (10)

4.2 Noem die SEWE kontrakdokumente. (7)

**[17]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

5.1 Wat word bedoel met *tenderappresiasie*? (2)

5.2 Wat is ’n *kwalifikasiestrokie*? (2)

5.3 Materiaal wat op die terrein gesteel word, is ’n probleem.

Noem VYF stappe wat gevolg kan word om hierdie diefstal te minimaliseer. (4)
**[8]**

## VRAAG 6

Definieer, beskryf od verduidelik die volgende:

6.1 Aanspreekliheidsversekering

6.2 Latente leemteaanspreeklikheid

6.3 Patente leemteaanspreeklikheidstydperk

6.4 Vrystelling van konstruksiewaarborg

6.5 Verlenging van konstruksietydperk

6.6 Boete van nie-voltooiing

6.7 Finale voltooiingslys

6.8 Sertifikaat van finale voltooiing

6.9 Finale rekening

6.10 Interim sertifikaat

(10 × 2) **[20]**

## VRAAG 7

7.1 Noem die SEWE bestuursprosesse. (7)

7.2 Watter kenmerke moet jy in ag neem wanneer jy ’n subkontrakteur aanstel? (4)
**[11]**

**VRAAG 8**

Gebruik Simpson se reël om die dwarssnitarea en volume van 'n uitgrawing van 12,5 m lank met behulp van die onderstaande data te bepaal.

| afstand (m) | 0 | 2 | 4 | 6 | 8 | 10 | 12 | 14 | 16 | 18 | 20 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| diepte (mm) | 0 | 150 | 250 | 400 | 550 | 600 | 500 | 400 | 350 | 200 | 100 |

**[6]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou